grense van die Transvaal in 1852 beveilig het teen opstandige Bantoes, sterf hy in Julie 1853 op sy plaas Grootplaats, wat sy ideaal van 'n groot Trekkerrepubliek beëindig, maar wat nie verhinder het dat die Soewereiniteit in 1854 in die Republiek van die Oranje-Vrystaat verander het nie; dus indirek deur sy toedoen.

Op 13 Mei 1891 is die oorskot van Pretorius van staatsweë in Pretoria herbegrawe. Hy was een van die grootste Afrikanerleiers van die 19de eeu en die vader van Republikeinse onafhanklikheid. Sy nagedagtenis word in ere gehou met 'n ruiterstandbeeld voor die Pretoriase stadshuis.

— F. A. VAN JAARSVELD.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *PRESIDENTE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT*

J. P. HOFFMAN

J. N. BOSHOF


J. H. BRAND

F. W. REITZ

M. T. STEYN



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



J P Hoffman



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRESIDENT J. P. HOFFMAN

(1 Desember 1807 – 13 Oktober 1879)

VAN Josias Philippus se jeug is slegs bekend dat hy in Stellenbosch gebore is en in 1824 Natal besoek het met 'n handelsekspedisie. Blykbaar het latere handelstogte hom na die Transoranje gevoer waar hy hom ongeveer 1840 as boer in die Caledonrivier-gebied gevestig het. Hy het goed bevriend geraak met Mosjesj van wie hy in 1847 die plaas Jammerbergsdrif present gekry het.

As een van die vier afgevaardigdes van die Smithfieldse distrik en as Voorsitter van die Raad van Representante het Hoffman 'n leidende aandeel gehad in die onderhandelinge met sir George Russell Clerk oor die Britse ontruming van die gebied tussen die Oranje en die Vaal en is hy ook van die kant van die Boere die eerste ondertekenaar van die Bloemfonteinse Konvensie (23 Februarie 1854), waarmee die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom het. Waarskynlik om dié rede is Hoffman dan ook op 15 Mei 1854 as die eerste President van die nuwe staat gekies. Hoewel hy klaarblyklik geen besondere skoolopleiding geniet het nie, getuig tydgenote van 'n natuurlike skranderheid waarmee hy geseënd was. Weens 'n ongeluk in sy jeug het hy mank en met krukke geloop, maar na dit voorkom, het dit nie sy beweegbaarheid aan bande gelê nie.

As eerste Vrystaatse President het hy 'n baie moeilike taak gehad. Die gevier en te midde van verskillende strominge en rigtings was dit moeilik om koers te kry. In die uitvoering van sy pligte is hy bygestaan deur goewermentsekretaris Jacobus Groenendaal en vermoedelik het van hom die gedagte uitgegaan om 'n poging aan te wend om sowel stoflike as morele steun van koning Willem III van Nederland te verkry. Materiële steun het beginjare van die Vrystaat was stormagtig. Verdeeldhede het dikwels hoogty uitgebly, maar tot vandag toe herinner die Vrystaatse vlag en wapen aan hierdie poging.

Teenoor die Basoeto's het Hoffman 'n versoeningsbeleid gevoer om die ernstige gevaar van daardie kant by te lê. Met Mosjesj het hy by verskeie geleenthede onderhandel en hom ook op versoek in September 1854 'n vaatjie kruit as geskenk gegee. Hierdie daad het die teenstanders van Hoffman aangegryp om stemming teen hom te veroorsaak, met die gevolg dat hy op 10 Februarie 1855 hom genoodsaak vind om sy bedanking as President in te dien. Na sy aftrede het hy weer gaan boer en wel op sy plaas Stootkraal in die Caledonrivier-distrik, waar hy oorlede is.

— JAN PLOEGER.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# PRESIDENT J. N. BOSHOF

(31 Januarie 1808 – 21 April 1881)

GEBORE in Swellendam geniet Jacobus Nicolaas Boshof sy skoolopleiding onder ds. W. Robertson en kom later as Landdrosklerk in Graaff-Reinet tereg. Tydens sy verlof besoek hy in 1838 die Voortrekkers in Natal,





word by sy terugkeer uit sy betrekking ontslaan en verhuis daarna vir goed na Natal.

As 'n bekwame penvoerder was hy vir die Voortrekkers van groot diens. Na sy eerste besoek aan Natal het hy 'n paar simpatieke verslae oor die Nataltrekkers in die *Grahamstown Journal* geskryf en later is hy as lid van die Natalse Volksraad verantwoordelik vir die sogenaamde „Offisiële selfverdediging van die Voortrekkers", 'n bekwame stuk wat as antwoord



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

op die aantygings van die Kaapse Goewerneur moes dien. In die Natalse Volksraad het hy veel bygedra tot die opstelling van regulasies en wette, ook nadat Natal in 1842 in Britse hande geval en die Volksraad nog in funksie gebly het tot 1845. In 1847 is hy aangestel as Resident-magistraat van Kliprivier.

Wes van die Drakensberg was Boshof geen onbekende nie. Na die bedanking van president Hoffman word hy met groot meerderheid tot President van die Oranje-Vrystaat gekies. Op 27 Augustus 1855 word hy dan as die tweede President van die Staat in Bloemfontein ingesweer.

Met sy kennis van bestuursaangeleenthede het president Boshof die basis vir 'n behoorlike staatsdiens en bestuursapparaat gelê. Tog het die swak ekonomiese posisie en die bedreiging van die kant van Basoetoland menigeen, selfs vir Boshof, laat twyfel of die staat op sy eie bene kon staan. Dit het meegebring dat 'n gedeelte van die burgers vereniging met Transvaal voorgestaan het, terwyl 'n ander groep nouer aansluiting met die Kaapkolonie gesoek het.

Boshof het tot laasgenoemde rigting geneig en sy bes gedoen om die herhaaldelike inmenging van M. W. Pretorius ten behoewe van vereniging van die twee republieke te dwarsboom. In 1857 het dit byna op 'n militêre botsing aan die Renosterrivier uitgeloop. Tog het vereniging byna geslaag toe Boshof die volgende jaar ter wille van hulp teen die Basoeto's genoodsaak was om in te gaan op die voorstelle van Pretorius.

Maar die Basoeto-oorlog wat in 1858 uitgebreek het, het Boshof ook angsvallig laat hulp soek by goewerneur sir George Grey. Soos Pretorius het ook Grey die haglike posisie van die Vrystaat gebruik om sy plan te bevorder, in hierdie geval sy befaamde federasieplan. Hy vee die moontlikheid van vereniging van die twee republieke van die baan deur te verklaar dat Engeland, ingeval dit gebeur, moontlik nie meer die Konvensies sal erken nie. Sy federasiekanse lyk goed toe hy later in die jaar die Vrystaat besoek en deur sy bemiddeling te Aliwal-Noord 'n einde aan die oorlog maak. In Desember dieselfde jaar het die Vrystaatse Volksraad selfs ten gunste van federasie besluit, ewewel met net een stem meerderheid.

Die volgende jaar word alles egter die kop ingeslaan toe die Britse regering die federasievoorstelle van Grey in die skerpste bewoording afkeur en die Goewerneur selfs terugroep. Vir Boshof, wat toe met verlof in Natal was, was die nuus blykbaar so teleurstellend dat hy daar bly en dan bedank as President.

Boshof vestig hom hierna weer in Natal, word in 1862 lid van die Wetgewende Raad en tree in 1873 uit die openbare lewe. Hy sterf op sy plaas naby Pietermaritzburg.

J. N. Boshof was meer die nougesette amptenaar as 'n staatsman van formaat. Met sy teruggetrokke natuur was hy ook nooit populêr nie. Tog was hy die man wat met taaie volharding die grondslag gelê het vir die toekomstige modelrepubliek.

— Prof. F. J. DU T. SPIES.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *PRESIDENT J. H. BRAND*

(6 Desember 1823 – 14 Julie 1888)

JOHANNES HENRICUS BRAND was die enigste seun uit die eerste huwelik van Christoffel Joseph Brand, die bekende Kaapse advokaat, vriend van die Voortrekkers en Speaker van die Kaapse Parlement. Gebore te Kaapstad het die jong Brand in 'n tipies Kaaps-Engelse atmosfeer opgegroei. Op negentienjarige leeftyd is hy na Nederland waar hy in 1845 in die regte promoveer. Daarna rond hy sy studies aan die Inner Temple te Londen af voordat hy hom as advokaat in Kaapstad vestig, en hy spoedig opgang maak.

In 1854 word Brand lid van die Kaapse Wetgewende Vergadering vir Clanwilliam. Hierdie kiesafdeling verteenwoordig hy totdat die Vrystaatse Volksraad hom in 1864 nader om hom vir die Vrystaatse presidentskap verkiesbaar te stel. Die keuse het hom nie maklik geval nie. 'n Skitterende regsloopbaan was vir hom in sig, maar veral sy vader se raadgewing het die deurslag gegee. Hy is met 'n oorweldigende meerderheid verkies en het die Vrystaat byna 'n kwarteeu as Staatshoof gedien — 'n dienstydperk wat nog gen ander Staatshoof of Premier in Suid-Afrika oortref het nie.

Sy eerste taak was om die Basoetovraagstuk op te los. Toe diplomatieke onderhandelings misluk, is oorlog nog in sy eerste diensjaar teen die Basoeto's verklaar. In die stryd het die Vrystaat nie net met 'n gedugte vyand te doen gehad nie, maar Brand moes ondervind dat daar onder sy burgers 'n ernstige gebrek aan krygsdissipline en selfs patriotisme was. Deur sy persoonlike inspanning en aansporing is die stryd met sukses deurgevoer en kon die Vrystaat as skadevergoeding vir die jarelange verliese die Verowerde Gebied aan die republiek toevoeg. In 1867 het weer oorlog uitgebreek, maar toe die Vrystaatse kommando's die Basoeto's 'n nekslag wou toedien, het Brittanje ingegryp en Basoetoland in 1867 tot Britse gebied verklaar; tot groot ergernis en teleurstelling van die Vrystaters. Brand het hulle egter geleer om in die onvermydelike te berus en die vrede wat ingetree het, vir hulle heil as landbouers en veetelers aan te wend.

Nouliks het die Vrystaat die geleentheid gehad om die swaar ekonomiese laste van die Basoeto-oorloë af te werk, of 'n veel moeiliker vraagstuk het Brand in die gesig gestaar toe diamante vroeg in die jare sewentig in die westelike Vrystaat ontdek is. Toe Brittanje sy gesag oor die diamantvelde uitbrei, is Brand se staatsmanskap en diplomatieke vernuf tot die uiterste beproef om die Vrystaat se regmatige besitreg van die diamantvelde aan die hele wêreld bekend te stel en hierdie erkenning van Brittanje af te dwing. Hy het hom so intens vir die saak ingespan dat sy gesondheid op een tydstip ineengestort het en sy herstel daarna as 'n nasionale feesdag gevier is. Eindelik het Brand ingewillig om R180,000 van Brittanje as verlies vir die diamantvelde te aanvaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





So hoog was die agting van die Vrystaters vir Brand se rol in die beslegting van die diamantveldkwessie dat hulle aan hom 'n honorarium toegeken en hy die erenaam „Vader des Volks" onder hulle verwerf het. Daar was egter tekens dat almal nie oor die verkwanseling van die diamantvelde gelukkig was nie en toe Brand boonop in 1882 'n Britse sirskap



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aanvaar, het daar 'n besliste breuk tussen hom en 'n groot deel van die nasionaalvoelende Vrystaters ingetree. Hy het wel 'n Britse konfederasieplan van die hand gewys, maar sy neutrale houding tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog, toe hy vir albei kante as bemiddelaar opgetree het, en sy geneëntheid om die ekonomiese bande eerder met die Britse kolonies te versterk as met die Zuid-Afrikaansche Republiek, het meegebring dat die Vrystaters hom in die tagtigerjare nie so seer uit politieke oortuiging nie, maar alleen vanweë sy bekwaamheid en lange ervaring as Staatshoof, tot President herkies het.

Dit is byna vreemd dat Brand, wat persoonlik so min gedoen het om Afrikanernasionalisme aan te wakker of selfs republikanisme deur vereniging van die twee republieke te bevorder, eintlik die grondlegger van 'n gesonde nasionalisme en republikanisme in die Vrystaat was. Deur die Vrystaat op staatsadministratiewe, maatskaplike, ekonomiese, regskundige en opvoedkundige terreine so sterk moontlik uit te bou, het hierdie ordelike staat, wat deur regskenners as 'n modelstaat beroem is, die nasionale trots van die Vrystaters en hulle sterk demokratiese sin verstewig.

Gedurende sy laaste dienstermyn, en veral nadat goud aan die Rand ontdek is, het Brand hom ter wille van die Randse mark vir nouer samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek beywer, maar terselfdertyd het hy ook die weg voorberei vir 'n gunstige tolooreenkoms met die Britse kolonies, op wie se hawens die Vrystaat steeds heengewys was. Vir baie jare het hy hom ook vir 'n spoorverbinding met die Kaapkolonie beywer en groot was sy vreugde toe dit kort voor sy dood deur die Volksraad goedgekeur is.

Omdat hy die Vrystaat uit sy pioniersworsteling losgemaak en tot aansien verhef het, kon die Vrystaters, wat hulle politieke gevoelens ook al was, waarlik 'n waardige en groot Staatspresident se heengaan betreur.

— M. C. E. VAN SCHOOR.

# *PRESIDENT F. W. REITZ*

(5 Oktober 1844 – 23 Maart 1934)

NA president Boshof is Francis William Reitz die tweede Vrystaatse President wat in Swellendam gebore is. Sy vader was 'n vooraanstaande boer, trouens ook veearts en lid van die Kaapse Wetgewende Raad. Soos president Brand het ook Reitz 'n opleiding in die regte gevolg, eers in Kaapstad en daarna in Londen en Skotland. By sy terugkeer in 1868



Digitised by the University of Pretoria, Library Services